HUIS KALAHARI VISSER

DAGPROSEDURE

OGGEND

06:00 **OPSTAANKLOK (3X)**

Doen die volgende: Staan dadelik op, badkamer, stort, ten volle aantrek, maak drommetjies leeg in groot drom en maak kamer netjies.

06:28 **WAARKUWINGSKLOK (2X)**

Persone op diens hys vlae, mop badkamers, vee gange, maak groot dromme leeeg EN neem toegeknoopte swartsak na buite by ysterhek.
Plaas nuwe swartsakke in dromme (verkrygbaar in kombuis).

Kry klaar en sit op bed

06:30 **STILTETYD (1X)**

Hou godsdiens op jou eie, sit op jou eie bed en jy moet ten volle geklee wees vir skool (skoolbaadjie nie nodig)

06:40 **ONTBYT (1X)**

Tree aan voor eetsaal MET volle skooldrag (skoolbaadjies nie nodig)
Staan netjies in rye; **absolute stilte**

Tafelgebed word gedoen
Stap ordelik in en sonder geraas

Na ontbyt weer na kamers

VOORDAT JY FINAAL JOU KAMER VERLAAT SORG DAT JOU WAARDEVOLLE ITEMS IN JOU KLUIS IS EN JOU KAS GESLUIT – *BEWAAR JOU SLEUTEL, MAAK VENSTERS TOE EN SKAKEL LIGTE AF*.

07:10 **VERLAAT KOSHUIS**

Klim in bus, skooltoe

MIDDAG

14:15 **ALLE TASSE EN RUGSAKKE WORD IN JOU EIE KAMER GEPLAAS(LW: GEEN TASSE OP ANDER PLEKKE NIE)**

14:20 ETENSKLOK (1X)

Jy moet ordentlik geklee wees (geen kaalvoet)

Indien jy verkies om skooldrag aan te hê, moet dit ten volle wees en nie net dele daarvan nie. (bv. Dasse mag nie af wees of plakkies saam met skooldrag nie)

Staan in netjiese rye; **absolute stilte**

Tree aan voor eetsaal

Tafelgebed word gedoen

Stap ordelik in en sonder geraas

Eet, aankondigings word gemaak asook busreëlings vir middagsport (vroeë en laat sport)

BUSSKEDULE(MIDDAG)

BUS VANAF KOSHUIS	BUS VANAF SKOOL
14 : 50	15 : 00
15 : 40	16 : 00
16 : 50	17 : 15
17 : 50	18 : 15

AAND

18:30 **ETENSKLOK (1X)**

Jy moet ordentlik geklee wees (geen kaalvoet, slaapdrag, ens)

Staan in netjiese rye; absolute stilte

Tree aan voor eetsaal

Tafelgebed word gedoen

Stap ordelik in en sonder geraas

Eet, aankondigings word gemaak

Vlagstryking (voor son sak)

Tyd vir stort

Ontspan tot volgende klok lui

19:10 **WAARSKUWINGSKLOK (2x)**

Beweeg na studiesaal/studieplek

19:15 **STUDIEKLOK(SESSIE 1) (1X)**

20:05 **STUDIE-BREEK (1X)**

20:22 **WAARSKUWINGSKLOK (2X)**

20:25 **STUDIEKLOK(SESSIE 2) (1X)**

21:15 **EINDE VAN STUDIE (1X)**

Aandgodsdiens/vergadering word gesamentlik in eetsaal gehou. Sien rooster op kennisgewingborde!

AAND – NA STUDIE

21:20 **GELEENTHEID VIR STORT**

21:40 **KAMERS TOE (1X)** – kry gereed vir laatstudie, loop jou laaste draaie

21:48 **WAARSKUWINGSKLOK (2X)**

Persone op diens: vee gange(indien nodig) en mop badkamers.

21:50 **STILTETYD (1X)**

Sou jy nog op jou eie wil godsdiens hou – welkom. Sit op jou eie bed. Niemand slaap al nie. Geen stiltetyd in groepe nie.

22:00 **LIGTE UIT (1X) - SIT LIGTE AF**

Niemand verder in die gange nie, behalwe as jy dadelik eetsaal toe gaan vir laatstudie. GEEN geselsery, rondlopery, kuier in kamers en selfoongebruik nie.

Laatstudie eindig om 23:00

Beweeg saggies na laatstudie toilet toe (indien nodig)

Kamer toe en SLAAP

SONDAGAANDE

21:00 **HEK SLUIT.** Inwoners wat terugkeer na die naweek moet nou reeds in koshuis wees.

21:15 **INWONERS TEENWOORDIG VERGADER IN DIE ONTSPANNINGSAAL.**
Teenwoordigheidskontrole word deur die diensdoenende onderwyser gedoen.

KAMERS TOE (1X), loop jou laaste draaie en maak gereed om te gaan slaap.

21:33 **WAARSKUWINGSKLOK (2X)**

21:35 **STILTETYD (1X)**

21:45 **LIGTE UIT (1X) - SIT LIGTE AF**

Indien ‘n inwoner op ‘n Sondagaand vroeër wil gaan slaap, moet hy/sy dit betyds met die diensdoenende onderwyser reël.

LW. **Sondagaande** is ‘n rustige tyd in die koshuis. Indien ‘n inwoner die keuse uitoefen om vroeg terug te keer na die naweek, is hy/sy steeds onderworpe aan die koshuisreëls. Leerders wat spesifiek op Sondagaande nie die reëls nakom nie se ouers sal geskakel word en sodanige leerder sal dan in die toekoms eers Maandagoggende toegang tot die koshuis verkry.